

## Sondag 23 Julie

**Skrifgedeelte: Handeling 2:37-42**

**Fokusgedeelte: Handeling 2:38; HK Sondag 26, Vraag 69**

### **Die doop as belofte**

Die doop is 'n saak wat vir die kind van God 'n groot betekenis het. Dit geld nie net vir die kinders as hulle gedoop word nie, maar ook vir volwasse gelowiges. Daarom moet ons telkens daarvoor besin en op dié wyse vasgryp aan die ankerpaal van die doop wat aan die begin van ons lewens ingeplant is.

Die doop is in die eerste plek 'n saak tussen God en die een wat gedoop word. God wil sy verbondsbeloftes aan hom/haar verseël. In die doop word ons daarop gewys en daarvan verseker dat ons gewas is van al ons sondes deur die bloed en Gees van Christus. Dit is die kernwaarheid by die doop. Dat alles by die doop rondom die vergewing of afwassing van ons sondes sentreer, blyk duidelik uit die Skrif en ons belydenis. Petrus sê op Pinksterdag aan al die mense wat na hom luister dat hulle hul moet bekeer en in die Naam van Jesus Christus laat doop, en dat God dan hulle sondes sal vergewe (Hand. 2:38). Volgens ons belydenis wil God deur die doop sy kinders verseker dat hulle werklik aan die verlossing van sondes deur die bloed van Christus deel het. Dit blyk baie duidelik as op Vraag 69 geantwoord word: “Christus het die uitwendige waterbad ingestel. Daarby het Hy beloop dat ek net so seker met sy bloed en Gees van onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, gewas is as wat ek uitwendig met water gewas is wat die vuilheid van die liggaam wegneem.” Dit is ondubbelsinnige taal. Deur die doop verseker die Here my nie dat ek gewas sal word nie, maar dat ek *gewas is* van al my sondes. Ons lees ook nog in Handeling 22:16 dat Ananias aan Paulus gesê het: “*Laat jou doop en jou sondes afwas.*” Hieruit blyk hoe sterk die doop en die afwassing van die sondes aan mekaar verbind word. In Galasiërs 3:27 (1953-vertaling) sê Paulus: “*Julle almal wat in Christus gedoop is, het julle ook met Christus bekleed.*” En om so met Christus bekleed te wees, beteken om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees van al ons sondes. Dit kom dus daarop neer dat van die oomblik van my doop af Christus nooit meer los van my is nie. Daar is 'n band wat Hom aan my bind. Hy is immers gebonde aan sy eie beloftes wat Hy aan die doop verbind het. Daarom kan die gedoopte verbonds-kind juig: My doop verseker my dat ek van al my sondes gewas is deur die bloed en Gees van Christus.